Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXVIII, Nr. 9 Prys 5c

VRYDAG, 16 Augustus 1974.

## Voorsitter Vra om Volwasse Stemmery

WANNEER ons die aand van die 19de Augustus die jaarlikse voorstellingsparade van die nuwe Studenteraadskandidate gaan hê. sal dit vir alle huidige studente 'n baie geskiedkundige oomblik wees.

**Dit sal vanjaar die eerste keer wees wat die "Sirkus" in die pas opgerigte D.F. Malansentrum gaan plaasvind.**
Die getal studente het in die afgelope paar jaar sodanig toegeneem dat dit essensieel geword het om 'n meer geskikte en ruim lokaal vir die geleentheid te vind. Alhoewel daar baie praktiese probleme ter sprake gekom het, is die D.F. Malansentrum uiteindelik aan die studente toegestaan en ons dank mnr. Lombaard en sy komitee in besonder vir hulle groot aandeel in die beskikbaarstelling van die lokaal.



JAN HOFMEYER

Een groot praktiese probleem is die sintetiese vloeroppervlak van die sentrum wat baie maklik deur sigaretstompies beskadig kan word en hier wil ek 'n dringende beroep op alle studente rig om daarop te let dat **geen persoon toegelaat sal word om in die sentrum te rook nie.** Ons vertrou dat deur verantwoordelike optrede en samewerking in dié verband hierdie probleem volledig oorkom sal word.

Vanweë die groter getal studente wat nou die "Sirkus" sal kan bywoon, is dit die verwagting dat vanjaar se samekoms groter en meer lewendig sal wees. Hierdie byeenkoms moet deeglik deur u benut word om, benewens die kort byeenkomste wat vanjaar in die voorportaal van die Opvoedkundige-gebou gehou sal word, u kandidate beter te leer ken. In die afgelope tyd is dit interessant om te sien hoe laag die stempersentasies aan sommige ander kampusse is – indien daar enigsins kandidate is om voor te stem – en ek wil vertrou dat 'n betreklike hoë stempersentasie weer vanjaar op Stellenbosch gehandhaaf sal word. Gee aan u kandidate die nodige steun om as Studenteraadslede u standpunt te kan verteenwoordig.

**Laat u gebalanseerde oordeel u help om 'n volwasse stem uit te bring in die verkiesing van die nuwe Studenteraad.**

**JAN HOFMEYR (Voorsitter)**



*SANGFEES is weer voor die deur. Hier oefen Jeanette van der Walt, Annemarie Vester en Dorette van de Vyver von Minsua, wat saam met Eendrag en Denneoord sing, hard aan die Slawekoor uit Mabucco. Benewens die lied sing dié koor die Lied van Jong Suid-Afrika, waar kry jy daardie hoed?, The Old Hundredth Psalm Tune en die Lied van ons land.*

## *Stembuskomitee*



*OP die foto van die Stembuskomitee hierbo verskyn Paul Harper, Marietjie Visagie, Tommie Immelman, Mike van Rooyen (Konvenor), J.P. Landman, Francois van der Merwe, George van der Merwe en Louw Botes. Jan Hofmeyr (Voorsitter) en Willie Duminy was afwesig met die neem van die foto.*

## D.F. Malansentrum Oop vir Monster en Sirkus

**DIE jaarlikse SR-verkiesing vind plaas op Dinsdag 20 Augustus tussen agt vm. en drie nm. Onder toesig van Huiskomiteelede sal die SR vir die 1974/75 termyn verkies word.**

Voor die 20ste sal deur kennisgewings bekend gemaak word waar die stemlokale sal wees. As alles volgens plan verloop sal die verkiesingsuitslag net na sewe nm. bekend wees.

### SIRKUS

Die Sirkus vind die jaar plaas in die D.F. Malansentrum en sal om agt nm. begin net na die Monstervergadering, wat om half agt nm. begin, waartydens die SR Voorsitters- en Tesouriersverslae vir die 1973/74 termyn gelewer sal word. Studente se samewerking word gevra om asseblief nie in die D.F. Malan-sentrum te rook nie. Daar sal vier mikrofone in die saal wees vanwaar vrae aan die kandidate gestel kan word. Probeer asseblief hier ook ordelik optree.

Alle studente wat voor 1 Maart 1974 by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf het, is geregtig op een stem. Studente wat slegs vir eksamen ingeskryf het of wat 'n skripsie inlewer nadat hul tydperk van studie reeds verstryk het is nie stemgeregtig nie. Die eerstejaarstem dra twee-derdes van die gewig van 'n gewone stem.

### EEN MAN EEN STEM

**Elke stemgeregtigde se naam verskyn net een keer op die kieserslys van net een stemlokaal. Sou dit egter gebeur dat 'n stemgeregtigde se naam nie op die kieserslys verskyn by sy/haar aangewese lokaal nie, kan die persoon by die SR-kantoor 'n stem uitbring by die toon van sy/haar registrasiekaart.**

Stemlokale is as volg toegewys:

(a) Vir koshuis inwoners by hul onderskeie koshuise;
(b) PSO-studente by fakulteitsgeboue. Lede van Hombré en Huis Neethling sal soos verlede jaar by hul onderskeie koshuise stem;
(c) vir inwoners van Huis Francie van Zijl: een ter plaatse;
(d) vir Mediese privaatstudente: een by die Mediese fakulteit te Tiervlei;
(e) weermagstudente kry 'n stembus tussen een nm. en twee nm. te Saldanha.

### PROSEDURE

**Om bedorwe stembriefies en onreëlmatighede te verhoed moet asseblief op die volgende punte in die stemprosedure gelet word:**

- Stemming geskied op 'n komperponskaart deur geperforeerde blokkies langs die naam van gekose kandidate uit te druk. Maak asseblief seker dat die geperforeerde blokkies geheel en al uit gedruk is en nie agter op die komperponskaart vas sit nie.
- Elke kieser mag vir 'n maksimum van dertien kandidate stem.
- Ponskaarte mag nie gebuig of beskadig word nie – 'n nuwe ponskaart is egter beskikbaar indien die beskadigde een aan die stembusbeampte oorhandig word.
- Na stemming word die ponskaarte in 'n geslote stembus gegooi – ook die beskadigde en gebuigde kaarte, nadat dit in die middel deurgeskeur is, word in die stembus gegooi deur die stembusbeampte.
- Stemwerwing in die onmiddellike omgewing van 'n stemlokaal is ontoelaatbaar.
- Ponskaarte vir eerstejaars sal reeds voor die tyd van 'n addisionele gaatjie voorsien word. Maak dus seker dat, as u 'n senior is, u nie 'n ponskaart ontvang met 'n reeds geponsde gaatjie nie en vice versa vir eerstejaars.

### ONREËLMATIGHEDE

Beweerde onreëlmatighede sal in die SR-lokaal deur die voorsitter van die stembuskomitee hanteer word. Die voorsitter is konstitusioneel bevoeg om te besluit oor die geldigheid al dan nie van stembriewe, asook ontoelaatbare stemwerwery. As mens die stempersentasies van verlede jaar beskou, word gevind dat die PSO-studente slegs 33,41% gestem het teenoor die 81,33% van die koshuis-studente. Daar word 'n beroep op PSO-studente gedoen om, aangesien hul die grootste gros van die studente-unie uitmaak, hul stem beter uit te bring. Daar is geen rede waarom PSO-studente nie ten minste 50% of meer kan stem nie. Die SR het 'n hoë persentasie stem nodig om werklik verteenwoordigend te kan wees en hul werksaamhede te doen. Kom ons werk almal saam om 'n heelwat hoër stempersentasie vir die hele Akker te verkry.

### UITSLAG

Die uitslag van die verkiesing sal weereens die jaar deur die I.B.M.-komputer bepaal word en sou gou as die uitslag bekend is sal dit op alle kennisgewingborde aangebring word.

**Volgens Grondwet sal die verkiesing as geldig beskou word indien beswaar daarteen nie binne vier-en-twintig uur na die uitslag bekend gemaak is die voorsitter van die Studentehof bereik het nie.**

**U samewerking word op prys gestel.**

**MIKE VAN ROOYEN (Stembuskonvenor)**

## DIRK BADENHORST
B.Sc. B. ING IV

4de Jaar



**VOORSTELLER:** Johan Gelderblom
**SEKONDANTE:** Peet Venter, William Brown, Retha Rossouw, Jan Heunis, Willem Doman.

**ONDERVINDING:**

1971: Lid Ingenieurs-SR.
1972: Lid Ingenieurs-SR, Lid Trapkarkomitee, Lid ASVS Komitee oor Buitelandse Betrekkinge, Voorsitter Eendrag-Juniorkomitee, Lid Junior Breëbestuur, Lid Eendrag-geselligheidskomitee.
1973: Lid Eendrag-Huiskomitee, Lid Eendrag Rugby-keurkomitee, Voorsitter Eendrag Karnavalkomitee.
1974: Tesourier Eendrag-Huiskomitee, Lid Verenigingskomitee, Lid Sangfeeskomitee, ACSV-kringleier.

**BELEID:**

Die Studenteraad se taak is tweërlei: Eerstens moet hy omsien na die behoeftes en probleme van die Studentegemeenskap en moet hy verder daarna streef om dit 'n steeds aangenamer tuiste te maak.

Tweedens moet dit die Studente-unie se belange na buite beskerm en nuwe idees verkry vir voordelige implementering binne ons gemeenskap.

Hiervoor is voortgesette skakeling met alle Suid-Afrikaanse universiteite essensieël. Indien ek verkies word sal ek my taak in dié lig beskou.

## BOBBY BERTRAND
LL.B. II

5de Jaar



**VOORSTELLER:** Francois Wessels.
**SEKONDANTE:** Leon Kuschke, Bobby Loubser, Dawie Joubert, Caroline Rodseth, Isobel Gilfillan.

**ONDERVINDING:**

1970: Bestuurslid SCA, Stellenbosch Waarnemer AIESEC Nasionale Vergadering.
1971: Ondervoorsitter SCA, Bestuurslid Vereniging vir Ekonomie en Handel, Stellenbosch Verteenwoordiger SCA Nasionale Studente-komitee.
1972: Voorsitter SCA, Stellenbosch Verteenwoordiger SCA Nasionale Studentekomitee, SCA Verteenwoordiger Stigtingskonferensie Students' Christian Fellowship van Swaziland.
1973: Voorsitter SCA, Stellenbosch verteenwoordiger SCA, Nasionale Studentekomitee, Lid SCA W.P. Streekbestuur.
1974: Sekretaris Huis Marais-Huiskomitee, Lid Verenigingskomitee, W.P. Streeksverteenwoordiger SCA Nasionale Studentekomitee Uitvoerende Komitee.

**BELEID:**

Ek stel my verkiesbaar en het die volgende prioriteite: om –
1. Jesus Christus te verheerlik;
2. Die Studente-unie op 'n praktiese wyse te dien;
3. Vrye wisselinge van menings op die kampus te handhaaf;
4. Stellenbosch se rol in die skakeling met Afrikaanse, Engelse, Bruin, Swart en Indiese Universiteite uit te brei;
5. Te werk vir orderlike en regverdige verbetering van rasseverhoudinge in Suid-Afrika.

## JACQUES DE VILLIERS
B.A. III

3de Jaar



**VOORSTELLER:** Andrew de Klerk
**SEKONDANTE:** Gerrit Germishuizen, Rob Camp, Piet Human, Simon Upfill-Brown, Johan Froneman.

**ONDERVINDING:**

1973: Bestuurslid SAAK
1974: Bestuurslid SAAK

**BELEID:**


Weens die skynheiligheid en valsheid wat toenemend in verkiesingsbeleide aangetref word, gee ek slegs my woord dat ek my bes sal doen indien ek verkies word.

Verder betreur ek die toenemend aktivistiese rol van politieke partye in Studenteraadspolitiek. Dit lei tot die onregverdige etikettering van kandidate en die toesê van belangrike portefeuljes aan politieke broedertjies. Die belangrikste kriterium, algemene bevoegdheid, gaan heeltemal verlore.

Ek betreur die skynheilige uitbuiting van godsdiens vir verkiesingsdoeleindes.

## TOBIE DE VILLIERS
M.B. Ch.B. III

3de Jaar



**VOORSTELLER:** Fred van der Riet
**SEKONDANTE:** Leon Kuschke, André van der Watt, Jannie Brink, Pieter Hurter, Alan Nelson.

**ONDERVINDING:**

1972: Voorsitter Eendrag-Eerstejaarskomitee, Redaksielid *Die Stellenbosse Student.*
1973: Lid Karnavalkomitee, Lid Eendrag-Juniorkomitee, Lid Eendrag-Geselligheidskomitee.
1974: Lid USKOR Geneeskundige komitee, Lid Geneeskundige-SR.
1974/1975 Huiskomitee Huis Francie van Zijl, Lid Uitvoerende Komitee USKOR, Lid Geneeskundige-SR.

**BELEID:**

Stellenbosch se benadering om van elke ander standpunt deur enige taalgroep of ras gestel, kennis te neem, moet sonder voorbehoud gehandhaaf word. In oorweging van sodanige standpunte sal ek toesien dat menswaardigheid en respek voorrang geniet.

Die hooffunksie van die Studenteraad setel egter in die effektiewe administrasie van plaaslike studentebelange. Daarom sal ek my beywer vir 'n verbeterde verhouding, tot wedersydse voordeel, sover dit die Tygerberg- en Stellenbosch-kampusse betref.

## BRENTON GEACH
LL.B. II

5de Jaar

**VOORSTELLER:** Alfred Allan
**SEKONDANTE:** Waldemar Gouws, Vossie Müller, Stiphan Aldrich, P. Groenewoud, Anneke Vlok.



**ONDERVINDING:**

1970: Bedrywighede: Swemduik, SAAK, Vrydagklub, ASVS, Eerstejaars-Redenaarskompetisie.
1971: Swemduik, SAAK, Tesourier Junior Breëbestuur, Bestuurslid USAT, Voorsitter Baardebond, Geleentheidskrywer (Oom Boris) *Die Matie*, Wilgenhof Besprekingsklub.
1972: Voorsitter Karnavalkompetisiekomitee, Stigter Wilgenhof Filmklub, Bestuurslid USAT, Ondervoorsitter Wilgenhof Karnaval-komitee.
1973: Karnavalkomitee: Adviseur Mej. Matieland-kompetisie, Ondervoorsitter Wilgenhof Hokkieklub, *Akkerjol* 1974 Voorbladnooi-komitee.
1974: Verspreider *Die Matie*, Senior Redenaarskompetisie, Mej. Matielandkomitee 1975.

**BELEID:**


Benewens sy aangewese administratiewe take is daar bepaalde kwessies wat die primêre aandag van elke SR-lid vereis, o.a.: 'n Dringende poging om die sosiaal-kniehalterende dameskoshuis-aandklokreëlings te verlig;

'n Algehele hersiening van die algemene kosposisie van beide koshuis- en PSO-studente asook uitbuiting van studente deur kafee-eienaars; Doelmatiger en meer persoonlike metodes van kommunikasie tussen studente en die SR.

Doeltreffende inter-universitêre samewerking is waardevol, maar ek betreur enige verskyning van radikale ideologiee in ons studente-politiek.

## PIERRE GOOSEN
B.A. (Admissie) III

3de Jaar



**VOORSTELLER:** Willem Doman
**SEKONDANTE:** Johan Gelderblom, Lood Rabie, Rosa du Randt, Retha Rossouw, Jan Heunis.

**ONDERVINDING:**

1972: Bestuurslid Admissiebond, Klasverteenvoordiger Admissie I.
1973: Kringleier ACSV, Bestuurslid Sielkunde Vereniging, Lid Junior Breëbestuur.
1974: Lid Simonsberg-Huiskomitee, Lid Sentrale Tugkomitee Simonsberg, Voorsitter Sielkunde Vereniging, Sekretaris Admissiebond.

**BELEID:**


Ek sien die taak van die Studenteraadslid primêr om die belange van die Studente-unie te bevorder, en die goeie beeld van hierdie Universiteit te alle tye te handhaaf en uit te bou.

As 'n Christen sal ek poog om praktiese pligte wat aan my opgedra word op 'n verantwoordelike wyse en na die beste van my vermoë uit te voer.

Ek sal my beywer vir die verstewiging van die leidende rol wat Stellenbosch speel onder die studente van Suid-Afrika.

## PIETER HURTER
B.Th. III

8ste Jaar



**VOORSTELLER:** Jan Heunis
**SEKONDANTE:** Willem Doman, Ina du Toit, Leon Kuschke, Cassie Wait, William Brown.

**ONDERVINDING:**

1970: Eendrag-huiskomitee, Redakteur Vires Unitatis, Lid Sangfeeskomitee, ACSV-kringleier.
1971: Lid Kleure-komitee, Sekretaris Eendrag-huiskomitee, Redakteur Vires Unitatis, ACSV-kringleier, Lid Republiekfeeskomitee, Lid Sangfeeskomitee.
1972: Primarius Eendrag, ACSV-kringleier, Lid Sangfeeskomitee.
1973: Primarius Eendrag, Voorsitter Primarii-komitee, Lid Sangfeeskomitee, ACSV-kringleier.
1974: Ondervoorsitter Studenteraad, Voorsitter Verenigingskomitee, Voorsitter Sangfeeskomitee, Afgevaardigde SSD.

**BELEID:**

Die Studenteraad is nie daar terwille van homself nie, maar verkies deur en daarom alleen in belang van die Studente-unie. Daarom is dit dan my enigste oorweging en Christelike oortuiging om myself weer diensbaar te stel aan elkeen van u wat deel is van ons studentegemeenskap.

Dat die Studenteraad sal sorg dra vir 'n goeie verstandhouding tussen studente en die Universiteits-owerheid beskou ek as essensieel. Ook vereenselwig ek my volkome met die gedagte van Inter-Universitêre skakeling met alle Suid-Afrikaanse Universiteite.

*Hierdie uitgawe is behartig deur die Interuniversitêre Redakteur, Willie Duminy.*


*(Advertensie)*

**HULP VIR STUDIE**

Beplande studie is 'n seker manier om u eksamen te slaag. Werk 'n studierooster uit en volg dit streng. Studeer dikwels maar nie te lank nie. Dis nutteloos om te werk as die brein vermoeid is — die brein verwerp die las. As u moeg of lomerig voel, neem 'Lert-wakkerhoutablette.

'Lert-tablette verlig verstandelike moegheid en verskerp die sintuie. Die brein word meer ontvanklik, die gedagtes helderder en vinniger. 'Lert-tablette is so onskadelik soos koffie. Nagwerkers gebruik 'Lert, ook motoriste om ongelukke te voorkom.

**AUTACS**

KAN U VOORSIEN VAN ALLE

**Motoronderdele**

**Toebehore**

**Batterye**

**Gereedskap**

NADER ONS VIR U TEGNIESE PROBLEME

**BIRDSTRAAT 63**

**TEL. 5529/3076**

★ RADIO'S
★ GRAMMOFOONPLATE
★ LEESLAMPE
★ STRYKYSTERS, ens.

KRY DIT BY

**STELLENBOSCH ELECTRICAL**

Ou Mutual-gebou, Birdstraat
Tel. 5507

1974: Voorsitter Dinee-danskomitee, Lid Helshoogte-huiskomitee.

**BELEID:**

Die Studente-unie se mening moet so noukeurig as moontlik getoets word oor kontensieuse sake sodat die Studenteraad steeds met die studente in voeling kan bly.

Die Studenteraad moet hom beywer vir die herlewing van die Studenteraads-konferensie sonder prysgawe van 'n eie onafhanklike standpunt.

Ek onderneem om die Studente-unie met integriteit te dien.

## STIAAN VAN DER MERWE
B.Th.II en M.A.(Filos)
5de Jaar



**VOORSTELLER:** Bobby Loubser.
**SEKONDANTE:** Dirkie Smit, Jean Anthonissen, Bertie du Plessis, Marlene Wium, Bobby Bertrand.

**ONDERVINDING:**

1971: Redaksielid *Die Matie*, Redaksielid Die Admissiebondblad, Sendingbuskomitee.
1972: Redaksielid *Die Stellenbosse Student*, ASVS-komitee vir jeugleierkursusse, Waarnemer ASB-kongres (Bloemfontein), Sendingbuskomitee, Koshuiskomitee van ACSV.
1973: Redakteur Sewentig, Sendingbuskonvenor, Lid ACSV Koshuiskomitee.
1974: Bestuurslid ACSV, Afgevaardigde na SCA Intervarsity Conference, Lid Dagbreek-Huiskomitee.

**BELEID:**

'n SR word myns insiens primêr verantwoordelik gehou vir effektiewe administratiewe en praktiese dienslewering namens en in diens van sy studenteunie. Daarom sal ek probeer om die taak na die beste van my vermoë uit te voer, veral ten opsigte van die verskillende verenigings op die Akker.

Verder sal ek my beywer vir sinvolle gesprek tussen Stellenbosch en alle ander universiteitskampusse in Suid-Afrika, in soverre dit kan lei tot die uitruil van praktiese kennis en tot beter begrip van mekaar se situasies en standpunte.

## PIETRO VAN DER WESTHUIZEN
LL.B. II
4de Jaar



**VOORSTELLER:** Dion Van Dyk
**SEKONDANTE:** Francois Wessels, Brenton Geach, Melinda Smith, Bobby Loubser, Brian Currin.

**ONDERVINDING:**

1972: Koshuisdebatsverteenwoordigster, SAAK-verteenwoordigster, Sendingwerkster, Koshuis-Karnavalkomitee.
1973: Redaksielid Die Stellenbosse Student, Redaksielid Koshuiskoerant, SAAK-verteenwoordigster, Sendingwerkster.
1974: ACSV-kringleidster, Redaksielid Koshuiskoerant, Onderwyshulpkomitee (GOVS).

**BELEID:**

Ekstern moet Stellenbosch sy leidende posisie ten opsigte van inter-universitêre skakeling uitbrei.

Intern glo ek aan skakeling met die universiteitsowerheid, veral met betrekking tot:
(a) beperking van studentegetalle,
(b) strenger beheer deur die Dieëtkunde Departement oor koshuiskombuise.

As Christen sal ek my beywer vir beter begrip tussen persone en groepe met verskillende standpunte.

## ANTON VAN NIEKERK
B.A. (Admissie) III
3de Jaar



**VOORSTELLER:** Dion van Dyk
**SEKONDANTE:** Dirkie Smit, Bobby Loubser, Leon Kuschke, Bertie du Plessis, Alan Nelson.

**ONDERVINDING:**

1972: Wenner Eerstejaars-Redenaarskompetisie, Lid Reëlingskomitee Joernalistieke Week, Lid Eendrag-Debatspan in finale rondte van Interkoshuiskompetisie.
1973: Redaksielid *Die Matie*, Assistent-redakteur Sewentig, Redaksielid Vires Unitatis, Lid Stembuskomitee, Lid Reklamesubkomitee Karnaval, Eendrag Debatsverteenwoordiger, Bestuurslid Sokratiese Vereniging.
1974: Sosiale Redakteur *Die Matie*, Eksterne Reklamebestuurder Karnavalkomitee, Bestuurslid Sokratiese Vereniging, Leier Eendrag Debatspan in Finale rondte van Interkoshuiskompetisie, Aangewese Assistent-hoofredakteur Sewentig.

**BELEID:**

Die belange van die studente wat hy verteenwoordig, is na my mening die vernaamste prioriteit van die Studenteraad.

Op interne vlak verdien sake soos die finansiële uitbuiting van studente, die registrasiestelsel, die parkeerkwessie en sommige diskresionêre reëlings in (veral eerstejaars-) dameskoshuise dringende aandag van die SR.

Op eksterne vlak glo ek dat die oop gesprek, as grondslag vir wedersydse begrip, ten alle koste met alle ander Suid-Afrikaanse universiteite gehandhaaf moet word.

In my eie lewe erken ek die oppergesag van Jesus Christus. In alles wat ek doen, sal ek alleen Sy Koninkryk probeer dien.


LEER HOE OM U DIAMANT EKONOMIES TE KOOP — KOOP VAN 'N GEOLOOG TEEN SLYPERSPRYSE

Ben Smith Diamonds Diamante

THIBAULT-GEBOU 101
THIBAULT-PLEIN
KAAPSTAD TEL. 43-2586


## LOCH VAN NIEKERK
M.B., Ch.B. V
5de Jaar



**VOORSTELLER:** Pieter Vorster
**SEKONDANTE:** Pieter Hurter, Fred van der Riet, Erna Hertzog, Bobby Bertrand, Piet Engelbrecht.

**ONDERVINDING:**

1972: Lid USKOR-komitee.
1973: Onder-voorsitter USKOR, Onder-voorsitter Geneeskundige Publikasie-komitee, Redaksielid Potio Medicata.
1974: Lid Geneeskundige SR, Voorsitter USKOR-Geneeskundig, Ondervoorsitter USKOR-Beheerkomitee, Voorsitter USKOR-Uitvoerende Komitee, Lid Ondersoekkomitee (GSR) na Tygerberg-kampus, Redaksielid Potio Medicata.
1974/1975: Lid Geneeskundige SR, Voorsitter Geneeskundige Publikasiekomitee, Hoofredakteur Potio Medicata.

**BELEID:**

Ek glo dat:
1. Die besluite van die Studenteraad duidelik verteenwoordigend moet wees van die Studente-unie se menings.
2. Stellenbosch sy selfstandige rol op interuniversitêre gebied moet voortsit.

3. Akademiese skakeling uitgebrei moet word deur die doeltreffende kommunikasiekanale (gekose verteenwoordigers).
4. Nouer skakeling met die sateliet-kampusse bewerkstellig behoort te word.
5. Meer studente by USKOR betrek moet word, waardeur 'n steeds groter bydrae tot die ontwikkeling van die nie-blanke gemeenskap gemaak kan word.

## BLIKKIES VAN SCHALKWYK
B.COMM. (HONS.)
4de Jaar



**VOORSTELLER:** Sylvia Uys.
**SEKONDANTE:** Johan Gelderblom, Jan Heunis, Pieter van Jaarsveld, Bremer Gericke, Willem Doman.

**ONDERVINDING:**

1971: Bestuurslid Vereniging vir Ekonomie en Handel, Afgevaardigde na twee AIESEC nasionale vergaderings.
1972: Sekretaris/Tesourier Vereniging vir Ekonomie en Handel, Lid Karnavalkomitee, Lid KUESTA-reëlingskomitee, Afgevaardigde na twee AIESEC nasionale vergaderings, Redaksielid Die Eiffel, Lid Dagbreek-Argiefkomitee.
1973: Voorsitter Vereniging vir Ekonomie en Handel, Voorsitter AIESEC plaaslike tak, Bestuurslid ASVS, Afgevaardigde ASB-kongres, Afgevaardigde SSD.

1974: Lid Studentraad, Lid Dagbreek-Huiskomitee.

**BELEID:**

By standpunte en menings van watter aard ook al sal 'n SR-lid aldus rekening moet hou met die eie aard van sy studente.

Voortvloeiend hieruit moet 'n SR-lid bereid wees om die karakter van sy Studente-unie dinamies na buite uit te dra. En dit veral in die tyd waar die klem swaar val op interuniversitêre kontak.

## PIETER VORSTER
LL.B. II
4de Jaar



**VOORSTELLER:** William Brown
**SEKONDANTE:** Pieter Hurter, Sonja van Vollenhoven, Pieter van Jaarsveld, Cassie Wait, Marlene Wium.

**ONDERVINDING:**

1972: Lid Stembuskomitee, Voorsitter Junior Breëbestuur, Dagbreek Tweedejaarsleier, Lid NP-Dagbestuur.
1973: Lid Verenigingskomitee, Lid Dagbreek-Huiskomitee, Lid NP-Dagbestuur, Afgevaardigde SSD.
1974: Lid Studenteraad, Onder-primarius Dagbreek, Lid Studenteraakdstoergroep, Afgevaardigde SSD.

**BELEID:**


Die vernaamste verantwoordelikheid van 'n Studenteraadslid is om te sorg vir effektiewe kommunikasie met die studente van die Universiteit.

Hierdeur moet te alle tye die Studenteraad se optrede en uitsprake duidelik en in realistiese ooreenkoms met die gevoel en behoeftes van die Studente-unie gestel word.

As verteenwoordiger behoort 'n Studenteraadslid wedersyds voordelige kontak tussen alle universiteite en studente-groeperinge aan te moedig.

Indien verkies, sal ek die werk van die Studenteraad so benader.

## CASSIE WAIT
B.Th. I
4de Jaar



**VOORSTELLER:** Willem Doman
**SEKONDANTE:** William Brown, Johan Gelderblom, Hennie van der Merwe, Ina du Toit, Jan Heunis.

**ONDERVINDING:**

1972: ACSV-kringleier.
1973: Lid Simonsberg-Huiskomitee, Klasverteenwoordiger (3de jaars Sielkunde), Bestuurslid Sielkunde-vereniging, Lid Simonsberg-Karnavalkomitee, ACSV-kringleier.
1974: Lid Studenteraad, Onder-primarius Simonsberg, Lid Kleurekomitee, Lid Erekleurekomitee, Voorsitter Sentrale Tugkomitee Simonsberg, Redaksielid Die Simonsberger. ACSV-kringleier.

**BELEID:**

Dienslewering aan die Studente-unie is myns insiens die belangrikste taak van 'n Studenteraadslid. Daarom sal ek my beywer vir:
(i) Skakeling tussen die SR en Stadsraad.
(ii) Die verskaffing van meer finansies aan bestaande erkende verenigings.

Bogenoemde sal ek op 'n verantwoordelike wyse aanpak indien u my verkies.


**DIAMANTE**
**RAAK U VERLOOF?**
Dialux-Diamante verskaf verloofringe aan studente teen studentepryse of 12 maande om te betaal.

**CASTLEMARINE**
**Van Ryneveldstraat 17**
**Telefoon:**
**3750, 3069 of 3189**
Tot u diens vir al u reisbehoeftes in die EIKESTAD.
U sê waar u wil gaan en ons bring u daar


TRIO-RAND